



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2014

BESIGHEIDSTUDIES

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word.

- Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die onderwerpe.
 AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
 Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
 Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.
- Lees die instruksies van elke vraag noukeurig deur en neem kennis van wat vereis word.
- Nommer die antwoord volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
- Beantwoord al die vrae in VOLSINNE, behalwe waar spesifieke instruksies anders gegee word.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n gids in die tyd- en puntetoekenning wanneer die vrae beantwoord word.

AFDELING		VRAAG	PUNTE	TYD
A	Meervoudigekeuse-vrae Kies die korrekte woord Pas-items VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B	Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.	2	60	30 minute
		3	60	30 minute
		4	60	30 minute
		5	60	30 minute
		6	60	30 minute
C	Opsteltipe-vrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.	7	40	30 minute
		8	40	30 minute
		9	40	30 minute
		10	40	30 minute
	TOTAAL		300	180 minute

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 VIER moontlike opsies word as antwoord vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 E.

- 1.1.1 Die werklike prestasie van 'n bestuurder word vergelyk met verwagte prestasie om hy/sy se salarisverhoging te doen. Hierdie proses staan as ... bekend.
- A plasing
 - B werwing
 - C kwaliteitwerkverrigting
 - D menslik
- 1.1.2 'n Voorbeeld van onprofessionele en onetiese gedrag is ...
- A indiensneming van ongeskoolde werkers.
 - B verhoging van pryse as gevolg van kompetisie.
 - C vermorsing en uitbuiting van werksyd deur persoonlike dinge te doen.
 - D om aandag aan werknemers se probleme in die besigheid te gee.
- 1.1.3 Mahlomo koop 3 000 aandele teen R4 per aandeel. Die opbrengs wat hy vanaf Telkom sal ontvang is in die vorm van ...
- A winste.
 - B voorkeur aandele.
 - C rente.
 - D dividende.
- 1.1.4 ... is die betalingsmetode om 'n versekeringsmaatskappy te betaal vir enige gebeurlikhede.
- A Afslag
 - B Belasting
 - C Premie
 - D Vergoeding
- 1.1.5 'n Hoofbestuurder gee sy toespraak aan die raad van direkteure sonder om enige hulpmiddels te gebruik. Hierdie is 'n voorbeeld van ... kommunikasie.
- A elektroniese
 - B nie-verbale
 - C visuele
 - D verbale

- 1.1.6 Hierdie wet beskerm diensverskaffers teen geen-betaling verbruikers.
- A Verbruikersbeskermingswet
 - B Nasionale Kredietwet
 - C Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging
 - D Vaardigheidsontwikkelingwet
- 1.1.7 ... word gebruik om 'n dispuut tussen werkgewer en werknemer te help oplos en help om nader aan 'n oplossing te kom.
- A Arbitrasie
 - B Bemiddeling
 - C Gemenereg
 - D Konsillasie
- 1.1.8 Watter EEN is nie 'n klousule of aanbeveling van die King Kode van Beste Sakepraktyk nie?
- A Verbetering van korporatiewe bestuur
 - B Eksterne ouditering
 - C Ouditkomitees
 - D Risikobestuur
- 1.1.9 Besighede moet ... om die uitdagings van veranderde tegnologie te kan hanteer.
- A meer goedere vervaardig
 - B genoeg oortyd toelaat
 - C personeel gereelde indiensopleiding gee
 - D meer werkers aanstel
- 1.1.10 Hierdie vorm van eienaarskap het NIE 'n aparte wettige entiteit NIE.
- A Eenmansaak en publieke maatskappy
 - B Beslote korporasie en vennootskap
 - C Eenmansaak en vennootskap
 - D Privaat maatskappy en beslote korporasie
- (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 (Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid/Korporatiewe Burgerskap) beteken dat 'n besigheidmodel sosiaal verantwoordelik en omgewingsvolhoubaar moet wees.

1.2.2 Die (vennote/lede) is verantwoordelik vir die bestuur van die korporasie.

1.2.3 (Die Kragveld-analise/SSGB-analise) is 'n besluitnemingstegniek wat al die kragte vir, en teen 'n spesifieke besluit ondersoek.

1.2.4 Die doel van die (Arbeidsverhoudingswet nr. 66 van 1995/Wet op Basiese Diensvoorwaardes nr. 75 van 1997) is om te verseker dat werkers regverdig in die werkplek behandel word en nie deur werkgewers uitgebuit word nie.

1.2.5 'n Werker is geregtig op (3 maande/4 maande) kraamverlof.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Interne werwing	A dien as 'n barometer van ekonomiese aktiwiteite
1.3.2 Indemnifikasie	B beskryf die pligte en verantwoordelikheid van 'n werknemer van 'n spesifieke werk
1.3.3 Johannesburg Sekuriteitebeurs	C die versekeraar dek die versekerde vir gebeure wat moontlik sal plaasvind
1.3.4 Werksbeskrywing	D die proses om geskikte werkers vir bevorderingsposte in die besigheid te identifiseer
1.3.5 Korporatiewe Sosiale Investering	E die kennis, vaardighede en ervaring wat 'n persoon nodig het om 'n taak uit te voer
	F besigheid wat 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek borg
	G die bedrag wat 'n belegger ontvang na gelang van die belegging wat gemaak is

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae van die vyf vrae in AFDELING B. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 2.1.1 Gee enige DRIE stadiums in die ontwikkeling van 'n strategie. (3 x 2) (6)

2.1.2 Professor Michael E. Porter het die Porter Vyf Kragte-model ontwikkel. Noem die VYF kragte wat Porter gebruik om die makro-omgewing te analiseer. (5 x 2) (10)

2.2 "Daar is geen wit persoon wat verarm word omdat BBSEB ingestel was en die effek wat dit het nie."

[Minister van Handel en Nywerheid, Rob Davies – *Sunday Times* 20/10/2013]

2.2.1 Waarvoor staan die letters BBSEB? (2)

2.2.2 Lys enige DRIE pilare van BBSEB. (6)

2.2.3 Regverdig die instelling van die BBSEB-wetgewing deur na enige TWEE voorbeelde te verwys. (6)

2.3

KAYO SKOENVERVAARDIGER

Mathomo is 'n plaas wat naby Berlin tot stand gekom het, wat spesialiseer in veeboerdery. Die plaasboer verkoop die velle van die geslagte diere aan Kayo-skoenvervaardiger. Kayo-skoenvervaardiger is 'n skoefabriek naby King William's Town in die Oos-Kaap. Kayo-skoene het onlangs 'n skoewinkel in King William's Town oopgemaak. Die skoewinkel het bekendheid en gewildheid vir die gerieflike informele skoene en formele skoene wat hulle verkoop verwerf.

'n Ander maatskappy, Smith-vervaardigers (Edms.) Bpk. verkoop 'n wye reeks leer- en rubberprodukte aan Kayo en ander tekstielvervaardigers regoor die land.

2.3.1 Identifiseer die sektore waaraan die verskillende besighede genoem in bogenoemde scenario behoort. Motiveer jou antwoord. (9)

2.3.2 Verduidelik in watter mate Kayo-skoene die mikro-besigheid omgewing van die drie sektore wat geïdentifiseer was in VRAAG 2.3.1, kan beïnvloed. (9)

2.4 *Never Give up*, 'n nieregeringsorganisasie het sosiale verantwoordelikhedsprojekte in die gebied geloods.

Beskryf VIER voordele vir *Never Give Up* omdat hulle die gemeenskap se projekte ondersteun. (4 x 2) (8)

2.5 Noem enige TWEE sleutelbeginsels wat deur Regter Mervyn King in die King-verslag geïdentifiseer word. (2 x 2) (4)

[60]

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 3.1 “Leierskapstyle verwys na die manier hoe ’n leier optree wanneer hy/sy leierskapstake verrig. Hierdie is die resultaat van die leier se oortuigings, persoonlikheid en ervaring.”
- 3.1.1 Gee enige VYF verskille tussen leierskap-en bestuurrolle in tabelvorm. (10)
- 3.1.2 Behoort leiers slegs een leierskapstyl toe te pas? Motiveer jou antwoord. (4)
- 3.2 Paul het R30 000 by ’n finansiële instelling vir ’n tydperk van 3 jaar belê. Die rente wat die finansiële instelling aanbied was 3% per jaar, saamgestelde rente.
- 3.2.1 Deur gebruik te maak van die saamgestelde renteberekening, bereken wat Paul oor ’n drie jaar periode sal verdien. (Toon alle berekeninge.) (8)
- 3.2.2 Tabuleer die verskille tussen *saamgestelde rente* en *enkelvoudige rente*. (8)
- 3.3 Bespreek die impak wat die volgende faktore op die sukses en mislukkings van ’n besigheid het:
- 3.3.1 Kapitaal (4)
- 3.3.2 Belasting (4)
- 3.3.3 Wetgewing (4)
- 3.4 P. Paul is ’n nuut aangestelde finansiële bestuurder wat ’n nieverbale aanbieding moet doen. Help Paul deur DRIE maniere te lys om inligting aan te bied. Stel ook DRIE maniere voor hoe hy terugvoering kan hanteer. (12)
- 3.5 Lys enige DRIE maniere hoe daar in aandele as ’n vorm van belegging belê kan word. (6)
- [60]**

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

- 4.1 Vergelyk die Delphi-tegniek en die Kragveldontleding-tegniek in tabelvorm, en noem ook voorbeelde van besigheidsprobleme wat die beste deur elkeen van die tegnieke opgelos kan word. (8 x 2) (16)
- 4.2 Verduidelik hoe ongemagtigde gebruik van fondse en die prysverskille in plattelandse gebiede etiese en professionele gedrag kan beïnvloed, en stel ook maniere voor oor hoe hierdie onetiese gedrag deur besighede aangespreek kan word. (12)
- 4.3 Beskryf die stappe wat 'n bestuurder kan neem om probleme in 'n besigheidsonderneming op te los. (12)
- 4.4 Beskryf enige VIER kenmerke van 'n suksesvolle span. (4 x 2) (8)
- 4.5

B. Pillay werk onder kwaai stres, omdat sy onmiddellike toesighouer 'n groot werklading aan hom gegee het wat nie deel van sy werksbeskrywing uitmaak nie. B. Pillay het onmiddellik 'n grieweprosedure aanhangig gemaak.

- Verduidelik die VIER hoofstappe wat 'n besigheid moet volg om die grief te hanteer. (4 x 3) (12)
- [60]**

VRAAG 5: BESIGHEIDSOPERASIES

5.1 Bespreek die hoofdoelwitte van die volgende wette:

5.1.1 Die Arbeidsverhoudingswet (Wet. 66 van 1997) (8)

5.1.2 Die Nasionale Kredietwet (Wet. 34 van 2005) (8)

5.2 5.2.1 Verduidelik waarom 'n dienskontrak belangrik is en noem enige VIER klousules wat in 'n dienskontrak vervat moet word. (10)

5.2.2 Beskryf enige TWEE maniere hoe 'n dienskontrak beëindig kan word. (4)

5.3 Bespreek risikobestuur en hoe hierdie funksie se kwaliteitwerkverrigting tot die sukses van die besigheid kan bydra. (10)

5.4 "James Small besit 'n klein sakeonderneming in Oos-Londen. Hy wil graag 'n kantoorassistent indiens neem wat verskaffers kan kontak, dokumente en lêers in orde hou en met die groter publiek kan kommunikeer. Aansoekers moet ervaring in *Microsoft Office*-kantoorpakket het en moet ook goeie kommunikasievermoë het. Die minimum kwalifikasie wat die aansoeker moet besit is 'n graad 12-sertifikaat."

5.4.1 Help mnr. Small om 'n werksontleding vir die posisie op te stel onder die volgende subhoofde:

(a) Pligte (2)

(b) Persoonlikheidseienskappe (2)

5.4.2 Lys enige VYF stappe wat mnr. Small tydens die seleksieproses van die mees geskikte kandidaat moet volg. (10)

5.5 "Dit is die plig van die werkgewer om by die Vergoedingskommesaris te registreer wanneer hulle hul besigheid begin."

Lys enige TWEE begunstigdes wat voordele uit die Wet Op Beroepsbeserings- en Siektes (Wet 61 van 1997) kan ontvang. (4)

5.6 Omskryf die term, '*Lopende Betaalstelsel*'. (2)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE ONDERWERPE

- 6.1 6.1.1 Vergelyk DRIE voordele en DRIE nadele van sosiale verantwoordelikheid vir 'n besigheid. (12)
- 6.1.2 Definieer die term, *korporatiewe sosiale belegging*. (4)
- 6.2 "Die Arbeidsverhoudingewet (Wet 66 van 1995) is van toepassing op alle besighede en maak voorsiening vir die KVBA om dispute op te los wat nie in die werkplek opgelos kan word nie."
- 6.2.1 Skryf die afkorting KVBA voluit. (2)
- 6.2.2 Noem VIER maniere hoe arbeidsdispute opgelos kan word. (8)
- 6.2.3 Onderskei tussen *bemiddeling* en *arbitrasie*. (4)
- 6.3 Beskryf kortliks die stappe wat die menslikehulpbronnebestuurder moet volg voor 'n nuwe werker indiens geneem word. (14)
- 6.4 "Die JSB is 'n aandelemark waar sekuriteite verhandel word met aandele as die hoofkommoditeit."
- 6.4.1 Lys enige VIER funksies van die JSB. (4 x 2) (8)
- 6.4.2 Tabuleer die verskille tussen voorkeuraandele en gewone aandele. (4 x 2) (8)
- [60]**

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

LET WEL: Begin elke vraag op 'n skoon bladsy en nommer die vraag soos op die vraestel, bv. VRAAG 11.

VRAAG 7

Vaardigheidsontwikkeling is van die uiterste belang om ekonomiese groei in Suid-Afrika te bevorder.

Is hierdie stelling waar? Bespreek die egtheid van bogenoemde stelling deur die Vaardigheidsontwikkelingswet (VOW), 1998 (Wet 97 van 1998) te evalueer, deur te verwys na die doel van die wet, hoe dit befonds word en die oogmerke van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie.

[40]**VRAAG 8**

In Suid-Afrika is daar baie besigheidspersone wat hoogs suksesvol in hul besigsondernemings is. Goeie bestuur en leierskap het 'n direkte invloed op die suksesse van die organisasies en ondernemings.

Kortliks onderskei tussen bestuur en leierskap en bespreek DRIE soorte bestuur- en leierskapstyle wat in besighede toegepas word om uitstaande sukses in 'n besigheid te verseker. Gebruik voorbeelde en verduidelik hoe hierdie style suksesvol in die werkplek toegepas kan word.

[40]**VRAAG 9**

James en John is projektebestuurders by 'n groot tekstielvervaardiger. Onder hulle leiding is 'n groep ontwerpers en kwaliteitbeheerders. Sommige kere voel dit vir hulle dat elkeen in die groep sy eie ding wil doen, en as gevolg van konflik in die span word niks uitgerig nie. Spertye moet bereik word, maar dit lyk onmoontlik omdat sommige werkers net moeilik is.

Jy is 'n professionele onderhandelaar. Bespreek die oorsake asook die soorte konflikte, en evalueer dan die rol van bestuur, werkplekforums, asook vakbonde om konflik in die werkplek te verminder.

[40]

VRAAG 10

Yellow Supermark het sekere besigheid- en bestuursfunksies wat deur verskillende bestuurders van verskillende departemente in die besigheid uitgevoer word. By die algemene jaarvergadering het mnr. M. Zonke, die algemene bestuurder gesê dat kwaliteitwerkverrigting binne elkeen van die besigheidsfunksies, tot die sukses van die besigheid kan bydra.

Analiseer en bespreek hoe die kwaliteitwerkverrigtinge van die volgende funksies tot die sukses van die besigheid kan bydra:

- Bemarking
- Openbare betrekking
- Algemene bestuur
- Menslike hulpbronne
-

Gebruik praktiese voorbeelde om jou antwoord te staaf.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300

